

Hoofstuk van die dag: 2 Johannes

> *As daar iemand na julle toe kom wat ’n ander leer bring, moet julle hom nie in julle huise ontvang nie en hom selfs nie groet nie … (2 Joh 10)*

Ons leef in ’n tyd waar elkeen geregtig is op sy of haar

opinie, en sogenaamde “politieke korrektheid” dikteer dat ons nie vir iemand met wie ons verskil, reguit kan sê wat ons regtig dink nie. Ons wil tog nie iemand anders seermaak of laat sleg voel nie. ’n Vriend van my sê die Hollanders is te reguit om ordentlik te wees, en ons is te ordentlik om reguit te wees.
Maar – dis nie noodwendig reg om so ordentlik te wees nie. Jy hoef nie beledigend te wees as jy nie met iemand saamstem nie, maar jy moet beslis wees oor wat jy glo reg is.
Dis natuurlik ’n doolhof in ons multi-kulturele en multi-godsdienstige samelewing. Johannes is egter baie beslis daaroor dat, as dit by die geloof kom, ons nie akkommoderend kan wees nie (vers 10). Daar is net een Here en een Verlosser – Jesus die Christus wat mens geword het (vers 7). Dié belydenis mag nooit in ons omgang met ander en saamwerk met ander verwater word nie.

Naskrif: Môre lees ons 3 Johannes.

Onlangse Bydraes

- Juda
- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026